## Die ontroue dienaar van Helena

**7** **(JaHshua spreek)** Ons het intussen `n ware reusevangs gemaak van uitmuntende visse, en in die oop see word ook die ronddrywende, heeltemal naakte lyke gevind van twee vroue, wat, nadat hulle in die hande van seerowers geval het, deur hulle van hulle algehele besit beroof was en lewend in die water gewerp was. Beide, meisies van negentien en een-en-twintig jaar, baie welgevormd, was dogters van welgestelde mense uit Kapernaum. Hulle wou na Gadara reis en het vol vertroue oor see gegaan. Hulle skip en hulle bemanning was volkome betroubaar. Maar in die middel van die see ontmoet hulle `n Griekse kaper wat die skip geroof het. Die vier skippers en beide die meisies verloor toe hulle lewe. Die vier skippers word gedood en vervolgens in die see gegooi. Teenoor albei die meisies was die seerowers ietwat meer onmens_liker, hulle ontklee altwee die meisies, verkrag hulle en werp hulle toe in die see. Die misdadigers sal vandag nog voor die aanbreek van die dag deur die arm van die geregtigheid en van die gereg te doene kry, en hierdie duiwels sal hulle swaar straf nie ontglip nie.

[2] Beide die meisies was met hulle hare stewig aan mekaar gebind en het dood op die water gedryf. Dit skep toe `n heel goeie voorwaarde vir die neerlegging- en wynproef en die daardeur moontlikerwys weer tot lewe bring van `n verdrinkte, soos wat Risa dit bedoel het. Daarom word beide lyke in doeke toegewikkel en in `n skip gelê.

[3] Daar was nou baie te doen en Markus weet nouliks hoe hy al die visse moes naderbring. Maar Ek gee RafaEl opdrag om Markus te help en toe was alles gou en goed gereël. Risa ontferm hom egter oor die twee lyke om te trag om hulle tot lewe te bring en hy lê hulle neer soos wat Ek die vorige dag die lyke van die nege laat neerlê het.

[4] Thomas kom gou na Judas Iskariot toe en vra hom `n bietjie ironies of sy vistog dan goed afgeloop het? Judas Iskariot brom ietwat in sy volbaard, maar durf met Thomas geen twisgesprek aangaan nie, want hy herinner hom dat juis Thomas hom tevore gewaarsku het om nie na die stad te gaan om goud te soek nie, en dat hy dus geweet het hoe dit daar uitgesien het! Daarom swyg Judas Iskariot. Ek gee Thomas egter `n wenk om die goudsoeker nie verder in die noute te dryf nie, omdat dit weinig goed sou oplewer.

[5] Intussen pleeg `n dienaar van Ouran op koste van Judas `n diefstal in die geldbeursie van Helena, steel dertig silwerstukke en loop toe vinnig na ons tafel toe en roep: "`n Dief, `n dief! “Toe die geëerde geselskap op die see visgevang het, en niemand hier was nie behalwe die Romeinse soldate wat om die berg gelaer was en hulle oefeninge gehou het, moes ek vir my behoefte uit die groot tent uitgaan. Op daardie oomblik loop `n leerling van die groot profeet, wat u tereg u Meester noem, die tent binne en ontvreem, nog voordat ek na die tent teruggekeer het, dertig silwerstukke uit die geldbeursie van die prinses!

[6] Toe ek die tent inkom, staan hy ietwat verleë in die tent, terwyl hy die grond met sy oë deursoek asof hy iets verloor het. Omdat hy vir my verdag voorgekom het, het ek hom op `n bars wyse verjaag en verskrik het hy dadelik die tent verlaat. Ek het eers niks slegs van die leerling van die groot profeet gedink nie, maar toe ek heen en weer in die tent loop, val die geld-beursie van die verhewe prinses my op omdat dit nie meer op sy oorspronklike plek gelê het nie, wat vir my maar al te goed bekend was. Omdat ek as vertroueling nie onbekend is met die inhoud van die geldbeursie nie, neem ek die beursie en tel die kosbare inhoud en sien, - daar kort dertig silwerstukke! Iemand anders as hierdie leerling wat ek alreeds genoem het, kon onmoontlik die dertig kosbare muntstukke weggevat het! Ek het dadelik gekom om dit nou heel eerbiedig aan te meld sodat ek nie uiteindelik in my onskuld verdink sal word nie."

[7] Helena vra: "Kneg, waarom verontskuldig jy jou dan nog vóórdat iemand argwaan teen jou opgewek het?!"

[8] Die bewaker sê: "Allergenadigste prinses! Ek ver-ontskuldig my nie, maar ek doen hier slegs heel gewoon wat my plig gebied, die aangee van die diefstal wat absoluut verseker deur die leerling van die groot profeet gepleeg is!"

[9] Helena sê: "Wanneer het jy dan, sonder my medewete en sonder my opdrag, die voorlaaste keer my geldbeursie gekontroleer?!"

[l0] Die bewaker antwoord: "O, dadelik nadat die verhewe, allergenadigste prinses die tent aan my bewaring toevertrou het! Daar was nog presies 600 silwerstukke in. Nou is daar egter maar net 570 - daar ontbreek dus presies 30 stukke, wat niemand anders kon ontvreem het as die bewese leerling nie! Omdat ek as bewaker van die verhewe skatte vir alles verant-woordelik is, moet ek tog ook weet waaroor en oor hoeveel ek moet waak, en dit kan my, as `n ou getroue dienaar tog nie kwalik geneem word as ek my van tyd tot tyd daarvan oortuig waaroor en oor hoeveel ek moet waak nie! Ek het nou egter die gemelde tekort bemerk en dit pligsgetrou meegedeel”.

[11] Helena sê: "Baie goed, baie goed, ons sal die saak later nog van naderby ondersoek en die dader van die kwaad opspoor, wat dan die regte straf nie sal vry-spring nie! Miskien is dit egter ook moontlik dat jy jou met die telling die eerste of die tweede keer vergis het, en dan sou dit nie, soos wat jy sê, `n leerling van die goddelike Meester gewees het nie- wat slegs maar beskuldig word omdat hy uit pure verveling die tent betree het. Daartoe het hy selfs die reg, omdat niemand van ons `n gebod uitgevaardig het dat ons tente deur geen mens betree mag word nie! Gaan nou weer na jou plek terug, ek sal dadelik volg en alles grondig ondersoek!"

[12] Na die antwoord verwyder die bewaker homself en die eerste wat hy doen was om die dertig silwer-stukke so gou as moontlik weer in die beursie terug te stop, sodat die prinses gelyk sou hê met die opmerking dat hy hom `n keer met die telling vergis het. Toe hy met die werkie klaar was, weet hy nie wat om te dink

wat hy by die ondersoek sou sê nie. Dit lyk toe maar die beste vir hom om weer na die prinses te gaan en haar om vergewing te smeek en daarmee aan te gee dat hy hom werklik met die telling vergis het en die leerling onregverdig beskuldig het. - So gedink, so gedoen! Na `n paar minute kom hy weer terug, lê dit op die manier aan die prinses uit en vra haar tewens, omdat daar nou geen misdaad meer bestaan nie, om die beloofde ondersoek te laat vaar.

[13] Daarby sien hy egter baie bedremmeld daaruit, want hy weet dat koning Ouran niks so swaar bestraf as `n leuen en diefstal nie. Helena kry medelye met die arme drommel, van wie vroeër nooit enige ontrou verwag was nie en sy sê vir hom: "Staan op en gaan aan met jou werk! Dit was nie mooi van jou dat jy jou op so `n lae manier wou wreek op die leerling van die Meester nie, net omdat sy gesig jou nie aangestaan het nie. Hy het jou nog nooit iets anders aangedoen nie, en jy kon hom, al sedert ons hier is, nie vat nie! Kyk, dit was sleg van jou en jy het die swaarste straf daarvoor verdien, want alles wat jy gedoen het is nou aan my bekend!"

[14] Nou begin die kneg te bewe en Judas Iskariot, wat op `n afstand die tweegesprek aangehoor het, gaan na die kneg toe en sê aan hom: "Jy het weliswaar sonder enige rede sleg teenoor my gehandel, maar ek vergewe jou dit! Ek was inderdaad in die tent en toe ek nog daar was, het jy my grimmig tegemoetgekom in `n hinderlaag en ek het toe weer weggegaan. Maar daar was glad geen sprake van `n vergryp aan die skatte uit die tent nie! En ook al sou jy my nie so grimmig tegemoetgekom het nie, dan sou die skatte wat deur jou bewaak was, volstrek geen skade aangedoen gewees het deur my nie. Kortom, hoe dit ook al sy, - ek het jou dit vergewe, maar met jou meesteres moet jy self maar sien hoe dit in die reine gaan kom!"

## Uiterlike rus en innerlike aktiwiteit

**8** Daarop trek Judas Iskariot hom terug en **Ek** sê vir Helena, Ouran en Mathael: "Laat dit nou met rus, want ons het belangriker dinge om te behandel! Behou die kneg en straf hom nie, want hy sou hierdie lelike streek nooit uitgevoer het as hy nie deur `n gees daartoe aangedryf was nie! Hy was egter daartoe aangepor sodat ook hy vir ons `n voorspelling kon doen wat in vervulling sal gaan. - Maar daaroor praat ons nou nie verder nie, want ons het nou baie belangriker sake om te behandel!"

[2] **Cyrenius** vra My egter heel verbaas; Meester, wat dan? Dit skyn my toe, dat daar nou tog niks meer sou kon wees wat nog belangriker sou wees as dit wat ons almal hier meegemaak het nie! Spreek tog, o Meester! My hart bewe gewoonweg van verlange om U nuwe voorskrifte en besluite te verneem en my dan daarby te hou!"

[3] **Ek** sê: "Wees nog `n bietjie geduldig, want alles het tyd nodig om ryp te word! Daarom sal daar nou vir almal rus aangebied word. Hou daarom nou saam met My `n ruspouse!"

[4] Daarop rus almal en die aangeleentheid tussen Judas Iskariot en die bewaker van Ouran se skatte, wat Ouran en Mathael tog baie onbelangrik gevind het, was afgeloop. Albei het baie belangrike regeringsake om met Cornelius en Festus af te handel, want vir Ouran begin die tyd te druk omdat hy al ernstig daaroor gedink het om met die groot waarheid wat hy gevind het, terug te keer na die volk waarvan hy koning was, en om hulle daarmee so veel moontlik geseënd te maak. Hy wou koning wees van `n verstandige en wyse volk en nie van suiwer menselarwes en – masjiene wat hulle gedra soos diere sonder kennis en sonder wil nie.

[5] Risa daarenteen, hou hom besig met sy twee lyke en dink slegs daaroor na of hulle met die voorbehandeling wat deur hom waargeneem was, en uiteindelik deur die krag van My Naam, nie weer in die lewe teruggeroep sou word nie. Ander om My heen dink ook daaroor na waaruit die baie belangrike daad sou behels wat Ek na die ingelaste kort rus sou doen. Kortom, ofskoon almal uiterlike skyn te rus, was hulle tog innerlik in hulle harte baie besig, maar niemand het kop of stert daaruit gemaak nie. Philopold, Murel en Kisjonah plaas hulle hoofde bymekaar en beraadslaag druk oor wat daar tog mag uitkom. Cyrenius en Ebahl en Jarah dink toe ook diep na en kon niks bedink wat daar nou nog sou kon gebeur nie. Want hulle dink toe dat daar geen nuwe dinge meer te bedink was nie.

[6] Skabbi en Jurah, wat beide Persiese, afgevaardigde sprekers was, sê egter vir hulle metgeselle, wat baie by hulle aangedring het: "Hou op! Daarmee versoek julle Elohim se krag in ons harte! Wat weet ons van ons eie innerlike geaardheid af! As ons dan niks van onsself af weet nie, wat sal ons dan wel weet van die geaardheid van Elohim en van wat Hy sal doen?! Ons weet egter goed dat alles wat Hy sal doen baie wys sal wees en heeltemal vir ons beswil. Laat dus maar kom wat wil, hetsy meer of minder groots as die voorafgaande, daaroor moet ons onsself nie oor bedruk maak nie! Ons is en bly handelaars en kan alles wat ons beswil beoog selfs baie goed gebruik. Uiteindelik het ons tog alles buitengewoon gevind wat van Hom af afkomstig was, die enige Meester van die ewigheid en van die oneindigheid van al Sy tallose dade en werke.

[7] Omdat ons onsself dus nog by verre na nie self ken nie, kan ons ook nie weet wat ons, buiten alles wat ons reeds ontvang het, nog ontbreek nie. Hy weet dit egter en daarom kan Hy dit wat nog moet kom, goed aandui as iets wat uitsonderlik is en wat buitengewoon belangrik moet wees! Want Hy, wat van ewigheid Meester is van alle orde, kan tog onmoontlik by 13 of 14, maar altyd net by l begin te tel. En so weet Hy beslis ook heel klaar en duidelik die volgorde van wat vir ons innerlike lewensvoltooiing geskik is. Ons kan daarom baie rustig dit afwag wat Hy vandag nog alles sal onderneem!"

[8] Hierdie baie wyse les bring die gemoedere van die Perse heeltemal tot bedaring. Maar ook die gemoedere van diegene wat aan My tafel sit, kom tot rus en hulle wag met gespanne verwagting en vreugde op dit wat Ek daarna ten aanskoue van elkeen sou gaan doen.